HOËRSKOOL WESVALIA

AANSOEK OM TOELATING

TOELATINGSBELEID

INLEIDING:

1. Die toelatingsbeleid van Hoërskool Wesvalia is in alle opsigte onderhewig aan die SA-Skolewet no. 84 van 1996 asook die Noordwes-Onderwyswet van 1995. Die toelatingsbeleid en -vereistes word binne die bepalings van die Grondwet en met goedkeuring van die besondere ouergemeenskap van Hoërskool Wesvalia deur die Beheerliggaam van die skool bepaal.

2. By aansoek om toelating neem elke leerder en sy/haar ouers kennis van die Christelike karakter en algemene etos van die skool soos verwoord in die visie, missie en waardes van die skool, asook die gedragskode vir leerders.

3. Die onderrigmedium van die skool is Afrikaans.

4. Die verantwoordelikheid om die toelatingsvereistes soos in die lig van die visie, missie en doelstellings van die skool toe te pas, berus by die hoof.

TOELATING TOT HOËRSKOOL WESVALIA:

1. Leerders word toegelaat sodat daar in hul opvoedkundige behoeftes voldoen kan word sonder dat daar op enige wyse onregverdig gediskrimineer sal word.

2. Geen toets wat verband hou met die toelating van ‘n leerder tot die skool sal afgeneem word nie, maar toetse vir plasing in ‘n spesifieke vakgroepering/klasgroepering mag wel afgeneem word.

3. Geen leerder sal toegang tot Hoërskool Wesvalia geweier word op grond daarvan dat sy/haar ouers nie in staat is om skoolgelde soos deur die Beheerliggaam kragtens artikel 39 bepaal, te betaal nie.

VOORWAARDES VIR TOELATING:

1. Nuwe leerders moet telkens voor die einde van ‘n voorafgaande jaar registreer vir toelating tot die volgende jaar. In uitsonderlike gevalle sal registrasies nog oorweeg word tot en met die tiende skooldag van die volgende jaar. Leerders wat reeds in die skool is, registreer nie weer nie.

2. **Alle leerders van graad 9 tot 12 moet ‘n oorplasingsertifikaat vanaf die vorige skool toon alvorens registrasie kan plaasvind**. ‘n Oorplasingsertifikaat word wel van graad 8 leerders verwag indien hulle ná die tiende skooldag vir registrasie aansoek doen.

3. **Alle leerders wat gedurende die jaar inskryf moet asseblief ’n volledige portefeulje saambring.**

4. Ouers of wettige voogde van alle nuwe graad 9 tot 12-leerders en graad 8-leerders, na die tiende skooldag van die betrokke jaar, moet persoonlik aansoek doen om toelating en ‘n onderhoud met die hoof is verpligtend. Geen leerders skryf hom-/haarself in nie.

5. Slegs leerders wat in besit is van die korrekte, volledige skooldrag word toegelaat.

6. ‘n Leerder sal slegs toegelaat word indien die hoof oortuig is van ‘n goeie akademiese en skolastiese standaard of bedrewenheid, asook bevredigende gedrag by ‘n vorige skool.

7. Alle leerders word toegelaat op ‘n 3 maande proeftydperk ten einde te bepaal of die leerder sinvol kan inskakel en deel word van die Wesvalia etos en kultuur.

AANSOEKE WAT NIE AANVAAR SAL WORD VIR TOELATING NIE, BEHELS:

1. ‘n Leerder wat nie voldoen aan die aanvaarde ouderdomsnorm wat geld ten opsigte van die graad waarvoor toelating verlang word nie.

2. ‘n Leerder wat in die betrokke jaar 16 of ouer word en nog nooit skoolgegaan het nie.

3. ‘n Leerder waarvan die dokumentasie vervals is.

4. ‘n Leerder wat by ‘n ander skool of koshuis amptelik geskors is of gevra is om die skool of koshuis te verlaat.

5. ‘n Leerder wat in ‘n onafgehandelde kriminele saak betrokke is.

6. ‘n Leerder wat nie skoolpligtig is nie en reeds die skool verlaat het.

7. ‘n Leerder wat graad 12 reeds suksesvol afgelê het.

8. ‘n Leerder wat twee keer dieselfde graad gedruip het, sal nie tot die skool toegelaat of hertoegelaat word nie.

AANSOEKE WAT SLEGS NA DEEGLIKE ONDERSOEK, BERAADSLAGING EN GOEDKEURING VAN DIE BEHEERLIGGAAM OORWEEG KAN WORD:

1. ‘n Graad 12-leerder wat vir ‘n tweede jaar hertoegelaat wil word tot Hoërskool Wesvalia.

2. Graad 12-leerders van ander skole wat aansoek om toelating doen.

3. ‘n Leerder van graad 8 – 12 wat vir een skoolkwartaal of langer geen skool bygewoon het nie.

VOEDINGSAREA:

1. Leerders woonagtig binne die natuurlike voedingsarea van Hoërskool Wesvalia sal voorkeur geniet by toelating.

2. Leerders wat vakke kies wat slegs by Hoërskool Wesvalia aangebied word, is nie onderworpe aan die bepalings oor voedingsarea nie.

KAPASITEIT:

Hoërskool Wesvalia beskik oor plek vir 840 leerders waarvan hoogstens 180 in elk van graad 8 en 9 geplaas kan word.

ONDERNEMING:

In **ALLE** gevalle sal ouers of wettige voogde by aansoek om toelating vir ‘n leerder die volgende **moet** onderneem:

1. Om toe te sien dat die leerder in alle opsigte en te alle tye die volledige gedragskode en skoolreëls sal eerbiedig, by gebrek waarvan ouers self die nodige regstelling sal bewerkstellig sodat skool en ouerhuis deurgaans kan saamwerk. Ouers en leerders neem kennis dat die hoof, of sy gedelegeerde, volgens die SA Skolewet 84 van 1996, na ‘n redelike vermoede, leerders kan toets of deursoek vir verbode middels en/of gevaarlike voorwerpe.

2. Om ten volle verantwoordelik te bly vir die betaling van skoolgeld vir die leerder soos bepaal deur die Beheerliggaam in samehang met die SA-Skolewet of om aansoek te doen vir subsidie.

3. Om ten volle verantwoordelik te bly vir die vooruit betaling van koshuisgeld, indien van toepassing, vir die leerder soos bepaal deur die Beheerliggaam.

4. Om toe te sien dat leerders daagliks betyds by die skool of aktiwiteite besorg word en na skool of aktiwiteite gehaal word en dat leerders slegs by hoogste uitsondering nie skool of ‘n gedeelte van ‘n skooldag bywoon nie.

5. Om die skool altyd te ken indien daar om watter rede ookal ‘n probleem is om enige onderneming aangegaan, gestand te doen.

OUDERDOMSVEREISTES:

Die ouderdom van ‘n leerder moet by aansoek om toelating voldoen aan die aanvaarde norm wat geld ten opsigte van enige graad, soos hieronder bepaal. Behoudens merietegevalle soos deur die Beheerliggaam bepaal, word geen leerder tot die skool toegelaat nie, sodra hy/sy die volgende maksimum ouderdomsperke oorskry, naamlik:

Graad 8	:	15
Graad 9	:	16
Graad 10	:	17
Graad 11	:	18
Graad 12	:	19

HOËRSKOOL WESVALIA

AANSOEK OM TOELATING

Slegs vir kantoorgebruik			***Vir skooljaar 20___***
*Kontrolelys vir dokumentasie wat saam met die aansoek ingedien **moet** word* ***(Let asb daarop dat enige dokumentasie wat ontbreek, die aansoek vertraag)***			
ID-dokument/Geboortesertifikaat ***(gesertifiseerd)***		Jongste rapport/puntestaat	
Afskrifte van beide moeder/vader/voogde se ID		Bewys van woonadres (bv water en ligte rekening)	
Oorplasingsertifikaat (indien van toepassing)			

Toelatingsnommer	
Gesinskode	
Voogklas	
Koshuisinwoning (Ja/Nee)	

A: LEERLINGBESONDERHEDE	
Van	
Volle voorname	
Noemnaam	
ID-nommer	
Geboortedatum (ddmmjjjj)	
Geslag (m/v)	
Selnommer	
Huistaal	
Huidige graad	
Vorige skool	
Naam van broer/suster wat tans in Wesvalia is	
Provinsie van vorige skool	
Ras	
Ouers se huwelikstatus	
Ouers oorlede (spesifiseer)	
Mediesefonds (fondsnaam, hooflidnaam en lidnommer)	
Kerkverband	

B: OUER-/VOOGBESONDERHEDE		
	OUER/VOOG 1	**OUER/VOOG 2**
Van		
Volle voorname		
Verwantskap		
Geslag		
ID-nommer		
Selnommer		
Werksnommer		
Huisnommer		
Woonadres		
Posadres		
Beroep		
Werkgewer		
Werksadres		
E-pos ***(verpligtend)***		
Ontvang skool kommunikasie (Ja/Nee) *(Minstens een moet ja antwoord)*		
Is leerder woon-agtig by u (Ja/Nee)		
Is u verantwoorde-lik vir die betaling van skoolfonds (Ja/Nee) (*Indien Nee, wie is?)*		
Enige unieke/spesiale reëlings ivm ouers/voogde wat u onder ons aandag wil bring		

C: AKADEMIESE BESONDERHEDE ***(slegs van toepassing op gr 10-12 leerders, gr 8-9 leerders volg nasionale verpligte pakket)***		
Merk vakkeuse met x **LET WEL: alle vakkeuses is onderhewig aan roostervereistes en klasgroottes**		
VIER VERPLIGTE VAKKE		
Afrikaans Huistaal		
Engels Eerste Addisionele Taal		
Lewensoriëntering		
Wiskunde OF		
Wiskundige Geletterdheid		
DRIE KEUSEVAKKE		
Besigheidstudies		
Dramatiese kunste		
Ekonomie		
Fisiese wetenskappe (vereis Wiskunde)		
Geografie		
Ingenieursgrafika en -ontwerp		
Inligtingstegnologie (vereis Wiskunde)		
Landboubestuurspraktyk		
Landboutegnologie		
Landbouwetenskappe		
Lewenswetenskappe		
Musiek		
Rekenaartoepassingstegnologie		
Rekeningkunde		
Toerisme		
Verbruikerstudies - Voedsel		
Verbruikerstudies - Interieur		
Visuele kunste		
Enige akademiese verwante inligting waarvan skool moet kennisneem (bv swak sig, swak gehoor, disleksie ens.)		

D: BUITEMUURSE AKTIWITEITE

1. Ek gee hiermee toestemming dat my seun/dogter aan die volgende buitemuurse aktiwiteite van die skool mag deelneem en uitstappies mag meemaak, wat vir die beoefening daarvan nodig is:

ATLETIEK		HOKKIE		OPVOEDKUNDIGE UITSTAPPIES	
BOOGSKIET		KARATE		PERDRY	
CSV		KOOR		RUGBY	
DANS		KRIEKET		SKAAK	
DEBAT/REDENAARS		LANDLOOP		SWEM	
DRAMATIESE KUNSTE		LANDSDIENS		TENNIS	
FIETSRY		LUGGEWEERSKIET		TROMPOPPIES	
FOTOGRAFIE		MELODRAMA		TWEE- EN DRIEKAMP	
GHOLF		MUSIEKBLYSPEL/REVUE		GEEN	
GIMNASTIEK		NETBAL			

2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese- en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, in geval van ‘n besering, wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.

3. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan die genoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.

4. Ek versoek dat die verantwoordelike persone op die volgende sal let: (Noem asseblief aspekte waarvan die onderwyspersoneel bewus moet wees, bv allergieë, epileptiese aanvalle, ens)

5. Noem uitsonderlike prestasies in buitengewone aktiwiteite:

6. Ouerbetrokkenheid:

Dui asseblief aan waar u graag betrokke en behulpsaam kan wees:					
Kultuur / Soort		Instandhouding		Verkope	
Sport / Soort		Sekuriteit		Vervoer van leerders	
Fondsinsameling		Terreinontwikkeling		Ander (spesifiseer)	

_____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

E: BETALINGSBESONDERHEDE

- Die skoolfonds beloop R2311-00 per maand.
- Skoolgelde is **VOORUITBETAALBAAR voor die 3de dag** van die maand vanaf Januarie tot November 2023.
- U het die reg om aansoek te doen vir of volle of gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Die aansoekvorms en beleid daaromtrent is beskikbaar by die finansiële beampte, en u aansoek moet streng binne 60 dae na toelating van skool afgehandel wees
- Geskeide ouers let asb daarop dat Wetgewing (Artikel 39 van die SA-Skolewet) beide biologiese ouers verantwoordelik hou vir skoolfonds – ongeag die beslissing tov die Egskeidingsooreenkoms.

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DIE BETALING VAN SKOOLFONDS (MERK MET X)

Vader ☐
Moeder ☐
Ander (Spesifiseer) _____

SKOOLGELDBETAALWYSE (MERK MET X)

A: Kontantbetalings by kantoor ☐

B: Debietorder: Betaalbaar op die 1ste dag van die maand vanaf Februarie tot November. Eerste skoolfonds paaiement is betaalbaar.
Sien bylae H ☐

C: 'n Elektroniese oorbetaling
Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: Hoërskool Wesvalia
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 01061290172 ☐

D: Beplan om aansoek vir subsidie te doen ☐

F: ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG EN LEERDER

Ons verklaar dat
- die vorm volledig ingevul is en dat die besonderhede waar en korrek is, en
- ons ons neerlê by die gedragskode soos beskikbaar by die kantoor (hardekopie) of op die webblad (sagtekopie) en dat ek/ons as ouer/s my/ons kind(ers) sal aanspoor om dit na te kom.
- ek/ons die Bylae G en H noukeurig deurgelees en onderteken het.

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG HANDTEKENING TWEEDE OUER

HANDTEKENING VAN LEERDER DATUM

BYLAE G: VERKLARING

1. Ons doen hiermee aansoek om die kind van wie die naam op hierdie vorm verskyn as leerder by Hoërskool Wesvalia in te skryf en verklaar dat hy/sy aan die basiese toelatingsvereistes voldoen.

2. Ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons wettige toesig en/of voogdyskap oor die genoemde leerder het.

3. Ek/ons onderneem om by die reëls en dissiplinêre kode van die skool te hou sowel as by die onderskeie veranderings in die reëls en dissiplinêre kode wat van tyd tot tyd gemaak mag word.

4. Ek/ons begryp en bevestig dat die hoof of enige sodanige gemagtigde persoon in die plek van die ouer/voog sal optree in enige omstandighede en gedurende enige tyd wat my/ons kind aan die sorg van die skool toevertrou is.

5. Ek/ons begryp dat, alhoewel elke redelike poging aangewend sal word om verlies of skade aan leerders se klere en besittings te verhoed, die skool nie aanspreeklik daarvoor gehou kan word nie.

6. Ek/ons onderneem om die skool te vergoed vir enige skade aan skooleiendom wat deur my/ons kind/ers veroorsaak is.

7. Ek/ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolgelde/koshuisgelde te betaal en ek/ons begryp:

    a) Die jaarlikse skoolgelde/koshuisgelde sal deur die Beheerliggaam van tyd tot tyd bepaal word en deur die meerderheid van ouers by die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word.
    b) Die skoolgelde mag in **elf (11) gelykvormige** maandelikse paaiemente afbetaal word (soos deur die Beheerliggaam bepaal).
    c) Die koshuisgelde is **VOORUITBETAALBAAR per kwartaal.**
    d) Kragtens Artikel 39 van die SA-Skolewet, is alle partye wat hulle tot hierdie vorm verbind aanspreeklik om verpligte skoolgelde/koshuisgelde te betaal.

    Kragtens Artikel 40 van die SA-Skolewet, mag die skool betaling van hierdie verpligte gelde afdwing.

    e) Die partye tot hierdie aansoek onderneem om alle regskostes te betaal op die kosteskaal van prokureur en kliënt met die versuim om die verpligting na te kom ten opsigte van skoolgeld/koshuisgeld.
    f) Gelde is aan die begin van elke maand betaalbaar.
    g) Ouers wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie mag om subsidie aansoek doen. **(Aansoek om subsidie is nie van toepassing op koshuisgelde nie).** Daar is subsidievorms beskikbaar by die Finansiële Afdeling en moet ingevul en terugbesorg word binne 1 (een) maand van die inskrywing.

8. Ek/ons onderneem om skriftelik kennis te gee van enige voorneme om my/ons kind uit die skool te haal en om alle boeke en/of toerusting in ons kind se besit wat aan die skool behoort terug te besorg. Ek/ons onderneem verder om ‘n skoolverlaatonderhoud met die hoof na te kom voor vertrek.

9. Ek/ons gee toestemming dat my/ons kind toegelaat word om opvoedkundige en psigometriese toetse in groepsverband, soos deur die direkteur van onderwys goedgekeur, te ondergaan.

10. Ek/ons onderneem dat, sou my/ons kind oor die verpligte skoolgaande ouderdom (15 jaar) is, hy/sy die skool gereeld sal bywoon en slegs om mediese redes afwesig sal

wees.

11. Ek/ons begryp dat die skool hom die reg voorbehou om alle inligting in hierdie aansoek vervat te kontroleer. Sou enige vals dokumentasie ingedien word, behou die skool hom die reg voor om ‘n kriminele klag van bedrog teen enige van die partye tot hierdie aansoek aanhangig te maak.
12. Ek/ons aanvaar verantwoordelikheid om my/ons kind/ers teen aansteeklike siektes en normale infeksies te laat immuniseer en sal bewys daarvan lewer indien dit versoek word.

13. Ek/ons aanvaar die verantwoordelikheid van die leerder se vervoer na en van die skool, sowel as na en van sport en kultuuraktiwiteite indien daar nie skoolvervoer beskikbaar is nie.

14. Ek/ons onderneem om die hoof te verwittig van ons kind/kinders se afwesigheid van die skool. Ouers/voogde onderneem om ‘n mediese sertifikaat te toon indien dit vereis sou word.

15. Ek/ons onderneem om die skool se konstitusie en beleid van toelating, soos deur die Beheerliggaam van die skool bepaal en toegepas word, te handhaaf.

16. Ek/ons begryp dat rokery in skooldrag, of daarsonder maar identifiseerbaar as ‘n leerder van Hoërskool Wesvalia, en die misbruik van enige dwelms of alkohol ‘n oortreding van belangrike skoolreëls is wat nie in enige omstandighede geduld sal word nie.

17. Die ondertekenaar(s) van hierdie vorm gee hiermee onderstaande *domicilium citandi et executandi* as wettige woonadres op. In die geval van enige adresverandering moet ouers/voogde die skool skriftelik in kennis stel.

18. Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening daarvan deur die ouer/voog tot op die dag waarop die leerder die skool amptelik verlaat.

Die ouer/voog verklaar hiermee dat hy/sy die kind/kinders se wettige voog is en daarom gemagtig is om hierdie dokument te onderteken, en hom/haar daartoe sal verbind, beide as ouer/voog, en in sy/haar persoonlike hoedanigheid en dat adresse (*domicilium citandi et executandi)* gemeld in Afdeling B van hierdie vorm korrek is.

Onderteken te _____ op hierdie _____dag van

_____ 20_____.

HANDTEKENING VAN LEERDER HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

BYLAE H: ERKENNING VAN VERSKULDIGING

Ek, _____(Volle name en van)

die ondergetekende erken hiermee dat ek aan Hoërskool Wesvalia (hierna genoem die Krediteur) die bedrag van R_____(bedrag van skoolfonds) verskuldig is ten opsigte van skoolgelde.

1. Ek onderneem om die skoolgelde, soos maandeliks bereken (in 11 gelykstaande paaiemente), vooruit te betaal vanaf die **1ste** dag van Januarie van die jaar waarin my kind ingeskryf is op die balans van die kapitaal wat verskuldig is en daaropvolgende betalings betaalbaar voor of op die 3de van elke maand daarna.

2. Ek onderneem om die skoolgelde, ten volle te vereffen voor of op 30 November van elke jaar wat my kind 'n ingeskrewe leerder is.

DIE VOORWAARDES VAN HIERDIE LENING IS SOOS VOLG:

1. Alle betalings met betrekking tot hierdie Erkenning van Verskuldigheid sal aan die Krediteur gemaak word by HOËRSKOOL WESVALIA of by die Krediteur se Bank.

2. Dat ons gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik is vir die skoolgeld soos jaarliks deur die Beheerliggaam bepaal en deur die ouers goedgekeur.

3. Sou ek nalaat om enige betalings stiptelik op die betaaldatum te maak, het die Krediteur die reg om die onmiddellike terugbetaling van die totale bedrag aan hom verskuldig te eis. Ek aanvaar verder dat onder sodanige omstandighede ek aanspreeklik sal wees vir die betaling van alle regskoste op die skaal soos tussen prokureur en kliënt met die versuim om die verpligting na te kom ten opsigte van hierdie ooreenkoms.

4. Vir die doel van enige regsgeding wat hieruit mag ontstaan, erken ek hiermee die jurisdiksie van die Landdroshof.

5. Ek doen hiermee afstand van die volgende regseksepsies pecunaie, *non causa debit* en *errore Calculi* en hersiening van rekeninge, en verklaar dat ek ten volle bewus is van die betekenis en gevolg van sodanige afswering.

6. Ek aanvaar verder dat enige kennisgewing wat per leerder (waar hy/sy sal teken vir enige skrywes wat aan hom/haar gegee word) of per pos na my *domicilium* adres gestuur word, my op die vierde dag na die datum van afsending sal bereik tensy die teendeel bewys kan word.

7. Ek bevestig dat die bepaling van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 nie van toepassing is op hierdie skuld nie.

8. Ek selekteer hierby genoemde adres in afdeling B of enige ander adres waarvan ek die Krediteur per geregistreerde pos mag verwittig, as my *domicilium citandi et executandi* vir alle doeleindes van hierdie Erkenning van Verskuldigheid en vir die doel van enige Kennisgewing wat in verband daarmee beteken word.

Onderteken te _____ op hierdie _____dag van _____ 20____.

HANDTEKENING VAN DEBITEUR NAAM EN VAN DEBITEUR

BYLAE I: AANSOEK OM DEBIETORDER

VIR KANTOORGEBRUIK:

TOELATINGSNOMMER	GRAAD

AAN: Hoërskool Wesvalia
Privaatsak X8
FLAMWOOD, 2572

Naam (Skuldenaar):

Adres:	
Kontaknommer:	
Datum:	
Debietorder Bedrag:	
Aanvangsdatum:	

Geagte Meneer / Mevrou

Ons / my bankbesonderhede is die volgende:

BANK

TAK	
TAKNOMMER	
REKENINGNOMMER	
TIPE REKENING	
	(Spaar / Tjekrekening)

Die magtigingsdokument verwys na ons kontrak (hierin verwys as “die Ooreenkoms”) onderteken op datum _____. Hiermee magtig ek / ons u om ‘n betalingsinstruksie aan die bank te gee teen ons / my rekening, soos hierbo uiteengesit (of vanaf enige ander bank of tak waarheen ek / ons, my / ons rekening mag oorplaas) onder voorwaarde dat die bedrag wat afgetrek word uit my /ons rekening, nie die bedrag mag oorskry waarvoor ek / ons toegestem het in die ooreenkoms, totdat ek / ons hierdie magtiging of mandaat beëindig of opskort deur 20 werksdae skriftelike kennis te gee deur middel van geregistreerde pos of persoonlike betekening by u bogenoemde adres. Die betalingsinstruksie

moet soos volg uitgereik en gemagtig word:

VERWYDER WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE:

a) Op die _____dag ("betalingsdatum") van elke daaropvolgende maand met aanvangsdatum op _____. In die geval waar betaling op 'n Saterdag, Sondag of publieke vakansiedag val, sal betaling outomaties op die daaropvolgende besigheidsdag plaasvind. Indien onvoldoende fondse in die genomineerde rekening beskikbaar is, en die verpligting nie nagekom kan word nie, sal u gemagtig wees om my rekening te kontroleer en betaling weer aan te bied sodra voldoende fondse in die rekening beskikbaar is.

b) Maandeliks, op of na die datum wanneer die verpligting in terme van die ooreenkoms verskuldig is, mag die bedrag van die betalingsinstruksie nie minder of meer wees as die bedrag verskuldig nie. Ek / Ons verstaan dat die onttrekking wat hierdeur gemagtig word geprosesseer word deur middel van 'n rekenaarsisteem voorsien deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank, en dat die besonderhede van elke betaling op my / ons bankstate aangedui sal word. Elke transaksie sal 'n verwysingsnommer bevat wat die spesifieke betalingsinstruksie identifiseer. Die verwysingsnommer word aangeheg by die dokument voor magtiging van enige betalingsinstruksie. Ek / Ons sal nie geregtig wees tot enige terugbetaling van die bedrag soos deur u afgetrek terwyl die magtiging van krag is nie, indien die bedrag aan u verskuldig is.

MANDAAT

Ek / Ons bevestig dat alle betalingsinstruksies wat deur u uitgereik is, deur my / ons bank hanteer sal word asof die instruksie deur my / ons persoonlik uitgereik is.

KANSELLASIE

Ek / Ons stem toe dat alhoewel die magtiging en mandaat gekanselleer mag word deur my / ons, sal die kansellasie nie die Ooreenkoms kanselleer nie. Ek / Ons sal nie geregtig wees tot enige terugbetaling van enige bedrag wat onttrek is terwyl die magtiging van krag is nie.

OPDRAG

Ek / Ons bevestig dat hierdie magtiging en mandaat sedeer word aan Netcash (Pty) Ltd soos per ooreenkoms met Netcash (Pty) Ltd, maar in die afwesigheid van so ooreenkoms sal die magtiging en mandaat *null and void* (nietig) wees.

Geteken te _____ op die ____ dag van _____20____.

HANDTEKENING VAN DEBITEUR NAAM EN VAN: DEBITEUR